# HOOFSTUK I.

## ORIËNTERENDE INLEIDING

### 1. Probleemstelling.

In sy proefskrif „Die ontwikkeling van die getalsbegrip van die kind", haal Dr. J. Spoelstra die moontlikheid aan „dat baie van die leerlinge wat na standerd vyf na die middelbare skool gaan, nie die peil van kennis en vaardigheid in rekenwerk, wat deur die onderwysers in die middelbare skole van hulle verwag word, bereik het nie".[1)]

Telkens wanneer mens hierdie bedenking hoor of lees, kom daar dadelik 'n aantal vrae na vore waarop dan antwoorde gesoek word.

Ontleed ons hierdie stelling, vind ons daarin 'n aantal begrippe waaroor duidelikheid verkry moet word. Ons soek antwoorde op vrae soos;

wat word bedoel met „die peil van kennis"?
wat verstaan ons onder vaardigheid in rekenwerk?
word onder rekenwerk syfermanipulasie verstaan of verwys rekenwerk na die hele vak Rekenkunde met al sy fasette en afdelings?

Deur vrae soos die bogenoemdes en verdere stellings soos „Rekene is per slot van rekening die manipulering van getalle en simbole," [2)] word 'n mens gedwing om oor sekere aspekte van die vak Rekenkunde te bepeins, nl.

wat behels die vak?
wat beoog ons met die onderrig daarvan?

2/watter.......

---

1) Spoelstra, J. Die ontwikkeling van die getalsbegrip van die kind gedurende sy eerste skooljaar," Ongepubliseerde D.Ed. proefskrif, p. 1.

2) Ibid, p. 1.

watter onderrigmetodes moet ons gebruik om ons doel te bereik?

watter fasette moet beklemtoon word?

slaag ons ooit in ons doel? en só meer.

Indien dit waar is, dat die leerlinge op die laerskool nie die peil bereik wat van hulle verwag word en waartoe hulle in staat is nie, vind daar 'n sekere mate van verwaarlosing van ons leerlinge plaas.

Elke kind word gebore met 'n sekere aangebore erfenis, sekere moontlikhede of potensialiteite. Hierdie uiteenlopende moontlikhede is in die klein kindjie in 'n baie groot mate sluimerend. Gedurende die groei en ryping, liggaamlik en geestelik, kom hierdie aangebore moontlikhede tot ontplooiing. Nou ontstaan die vraag of prikkelende faktore wel 'n invloed op die ontwikkeling van die kind sal hê en imdien wel watter faktore die ontwikkeling stimuleer en watter faktore die ontwikkeling sal strem?

In sekere huise en gemeenskappe sal daar moontlik voldoende prikkelende invloede aangetref word om die opgroeiende kind ten volle te laat ontwikkel. In ander huise sal hierdie invloede geheel en al of gedeeltelik ontbreek. Kinders wat gedurende hulle ontwikkeling nie onder die invloed van prikkelende faktore kom om ten volle te ontwikkel en ten volle in die samelewing te kan deel nie, kan dan moontlik skade ly.

Watter aandeel neem die skool in die voorsiening van hierdie invloede wat die kind moet prikkel en aanmoedig om tot volle ontwikkeling te kom en die hoogsmoontlike prestasies te lewer? Watter metodes of tegnieke of benaderings word in die laerskole aangewend om te verseker dat die kind

se rekenkundige bekwaamheid ten volle ontwikkel word? Wat word in die laerskole, met die huidige groot klasse gedoen om te verseker of om daarna te streef, dat die leerlinge wel aan die einde van die laerskoolloopbaan oor die verwagte kennis sal beskik? Ly baie van ons leerlinge as gevolg van die huidige organisasie nie baie skade nie? Indien daar wel leerlinge is wat opvoedkundig verwaarloos word, moet daar gepoog word om te bepaal vir watter leerlinge die grootste gevaar bestaan om verwaarloos te word. Die gevaar bestaan, as gevolg van die huidige klassituasie dat die begaafde leerlinge maar die hulp en leiding van die onderwyser moet ontbeer omdat laasgenoemde se aandag geheel en al deur die swakker leerlinge in beslag geneem word.

Hierdie moontlikheid wat as 'n groot gevaar erken word, is dan ook een van die groot redes waarom hierdie studie onderneem is.

Elke leerling is 'n eenmalige, onherhaalbare en anderse wese as enige ander leerling. Hy het sy eie moontlikhede, eie aksiologie, eie ek-bewustheid, eie skeppende moontlikhede, eie spontaneïteit, eie verantwoordelikheid-in-vryheid en eie sedelike inslag.

Die bestaan van individuele verskille word algemeen aanvaar. Alle persone beskik nie oor dieselfde talente of vermoëns nie maar almal besit wel vermoëns. In die Skrif,[3] word geen twyfel oor die bestaan van individuele

4/verskille....

---

3) Die Bybel, Mattheus 25, verse 14-30, p.40 (1958).

verskille gelaat nie maar wat in hierdie Skrifgedeelte die belangrikste is, is dat elkeen sy talente ten volle moet gebruik en ontwikkel.

Hierdie eis bring ons voor die pertinente vraag: In watter mate het die kind in die skool die geleentheid om hierdie talente wat hy ontvang het en waarvan hy rekenskap moet gee te ontwikkel? Sou dit voldoende gewees het as die persoon met tien talente maar vyf ekstra by verdien het? Wat gebeur in ons skole en meer bepaald in Rekenkunde? Wat verwag ons van die leerlinge? Verwag ons van hulle almal dieselfde omdat hulle naasteby dieselfde kronologiese ouderdom het? Verwag ons van die persoon met een talent en die een met tien talente albei net een ekstra talent?

Die leerlinge in die gewone laerskole sal dus op verskillende terreine verskil. Hulle sal verskil ten opsigte van hulle huislike agtergrond en ervaring, hulle geestelike en emosionele rypheid, hulle fisiese ontwikkeling en ook ten opsigte van hulle verstandelike vermoëns.

Die vraag ontstaan watter metodes in die skool aangewend word om die ontwikkeling en ontplooiing van hierdie individuele verskille aan te help? Word daar in die gewone laerskool pogings aangewend om veral die kind wat oor groter moontlikhede beskik te stimuleer, te prikkel, te lei en te help om tot volle ontwikkeling van al die potensialiteite te kom of lewer die huidige laerskool 'n groot bydrae tot die massafiksasie en nivellering van ons leerlinge? Word baie individue nie dalk verwaarloos omdat hulle deur die massa opgeneem word en dan daarin verdwyn nie?

As die ideale toestande in die huisgesin bestaan, ont-

5/wikkel...

wikkel elke kind tot 'n aparte persoonlikheid en hierdie ontluikende persoonlikheid moet dan deur die skool en gemeenskap tot rypheid gevorm word. Die gevaar bly egter bestaan dat die individu in ons onderwysstelsel en samelewing so deur die massa opgeneem word, dat hy geheel en al daarin verdwyn. Die doel van ons opvoeding moet wees om elke individu tot sy reg te laat kom deur hom tot die maksimum van sy potensialiteite te ontwikkel. As ons die individu in die massa laat verdwyn, verwaarloos ons die individu. Daar bestaan 'n onverbreeklike samehang tussen die fisiese en psigiese en dit is veral eersgenoemde aspek waarin die individualisering vir die eerste maal gestalte aanneem in die vorm van 'n individu met bepaalde objektiefwaarneembare eienskappe. Van uit die veilige huislike sfeer ontwikkel die kind tot 'n aparte persoonlikheid. Die opvoeding moet dus ook help om sosiaal-sedelik-selfstandige persoonlikhede te bou.

In die nivellerings- of gelykmakingsproses word gemiddelde persone gevorm. 'n Baie intensiewe poging word aangewend om die minder-begaafde aan te help om die vlak van die gemiddeldes te bereik. Met hierdie optrede kan geen fout gevind word nie maar die groot vraagstuk ontstaan aan die ander uiterste van ons leerlinggemeenskap. Wat gebeur met die leerling wat oor baie meer potensialiteite beskik? Ontwikkel hy ooreenkomstig sy moontlikhede of word hy afgerem en gestrem totdat hy ook net presteer volgens die maatstawwe van die gemiddeldes?

2. Oogmerke met hierdie studie.

Hierdie moontlike verwaarlosing van die begaafde kind

as gevolg van die proses van nivellering, is die basiese oorsaak waarom hierdie studie aangepak is.

Omdat die veld te wyd is om empiries te bepaal wat die posisie ten opsigte van al die vakke in die laerskole is en omdat die skrywer spesiaal in die onderrig van Rekenkunde belangstel, sal die studie beperk word tot die onderrig van Rekenkunde in die laerskool met verwysing na die posisie van die begaafde kind. Eers sal 'n opname gemaak word van die resultate wat deur leerlinge in die skooleksamens in die vak Rekenkunde behaal is. Uit hierdie resultate sal dan gepoog word om te bepaal watter kinders op grond van hulle skoolprestasies in Rekenkunde as begaafd beskou kan word.

Om as 'n verdere bepalingsfaktor van die begaafdes te dien, sal intelligensietoetse afgeneem moet word. Volgens hierdie toetse sal dus gepoog word om begaafdheid volgens die intelligensievermoë te bepaal. 'n Vergelyking van die begaafdes, soos deur die twee kriteria aangetoon, moet gemaak word om te sien of daar enige korrelasie bestaan.

Nadat die begaafdes op grond van hulle skoolprestasies en intelligensievermoë bepaal is, sal die gestandaardiseerde skolastiese toetse van die Onderwysburo toegepas word om te bepaal hoe die leerlinge in hierdie toetse presteer. Aandag sal gegee word aan die prestasies wat deur die begaafdes behaal word in vergelyking met die prestasies van gemiddelde en selfs ondergemiddelde leerlinge.

Omdat daar egter verskeie opvattings van die begrip „begaafdheid" bestaan, sal 'n poging aangewend word om 'n begaafde persoon te definieer. Dit sal dus nodig wees om

die bestaande bibliografie oor hierdie onderwerp te bestudeer.

In hierdie studie word ook aandag gegee aan die nuwe benadering in die onderrig van Rekenkunde. Die eienskappe van en die doel met hierdie nuwe benadering moet nagegaan word. Verder word die moontlikhede wat hierdie benadering bied ondersoek.

Die doel en omvang van die studie veroorsaak dat sekere gegewens deur middel van 'n historiese ondersoek ingesamel moet word. 'n Tweede deel sal suiwer empiries wees waar sekere toetse toegepas en die resultate verwerk sal word. Die omvang van die studie bring ook mee dat daar oor sekere aspekte van die ondersoek teoreties besin moet word en die laaste veld wat gedek moet word, sal die toepassing in die klaskamer wees, dit wil sê die toepassings op die terrein van die praktiese opvoedkunde.

In hierdie studie gaan dan gepoog word om vas te stel wat die huidige toestand van Rekenkunde onderwys aan die laerskole is. Aandag sal gegee word aan die opvoedkundige beginsels, inhoud van die vak, metodes van aanbieding, klasindelings en die resultate wat behaal is. Verder sal daar ook aandag gegee word aan die moontlike veranderinge wat aangebring kan word.

Die resultate sal statisties verwerk word om vas te stel of daar enige korrelasie tussen die resultate van die verskillende toetse bestaan en of die resultate beduidend is.

Omdat 'n persoon se interpretasie van die feite bepaal sal word deur sy opvatting van die opvoedkunde, is dit dus noodsaaklik dat ons eers kortliks die begrip „opvoeding" en die verskillende aspekte daarvan sal bespreek.

3. Die begrip „opvoeding".

a. Inleiding.

Ons leef in die eeu van verandering op elke gebied. Ruimtereise, sateliete, besoeke aan die maan of ander planete en hartoorplantings is onderwerpe van alledaagse bespreking. Die fenomenale uitbreiding van kennis op die gebied van die natuurwetenskappe het 'n posisie laat ontstaan waar die opvoedkundige gekonfronteer word met nuwe probleme. Die tyd van sateliete, pratende tikmasjiene, geprogrammeerde onderwys en die menigte elektroniese stelsels is besig om ons leefwyse teen 'n snelle tempo te verander.

Die ou slagspreuk van Dewey en sy volgelinge om die kind „op te lei vir die dag van môre", met ander woorde om hom op te lei vir die werk wat hy as volwassene moet gaan behartig, verloor nou heeltemal sy waarde omdat met die huidige snelle ontwikkeling, ons geen idee het van die beroepe wat oor 'n aantal jare sal bestaan, of wat die behoeftes en vereistes van daardie beroepe sal wees nie. Ons moet die feit aanvaar dat 'n groot aantal van die leerlinge wat tans die skool besoek, oor 'n paar dekades in beroepe sal staan wat tans aan ons nog heeltemal onbekend is. Dit maak dus opleiding vir die tans nog onbekende beroepe heeltemal onmoontlik. W.C. Lanton sê: "Things are not likely to be the same tomorrow as they are today......."[1)]

9/Robert.......

---

1) Lanton, W.C. Educating children for tomorrows' world, Education for teaching, no. 75., Spring 1968, p. 35.

Robert M. Hutchings, kanselier van die Universiteit van Chicago, soos aangehaal deur Lanton in die bogenoemde artikel, het gesê: "The most obvious fact of comtemporary life is the rapidity of change. All we know with certainty about the next century is that it will be different from this one. Since there is no such thing as instant education, the search must be for means of coping with problems, issues and phenomena now totally unforeseen." 2)

Die vraag ontstaan of ons in die huidige tydperk van vinnig veranderende tegnologie en uitbreiding van wetenskaplike kennis die nuwe en dringende verantwoordelikheid dat ons die leerlinge 'n spesiale opleiding vir die dag van môre moet gee, mag veronagsaam? Die antwoord is reeds in die vorige paragraaf gegee. Ons weet nie wat die toekomstige beroepe en ooreenkomstige vereistes sal wees nie en daarom kan ons nie die kind daarvoor voorberei nie.

Baie van die nuwe uitvindings en rigtings word 'n uitdaging vir die tradisionele, d.w.s. dit waaraan ons gewoond is. Die wetenskaplike ontwikkeling vind sneller plaas as die sosiale verandering. Daar ontstaan dus 'n gaping tussen die wetenskaplike kennis aan die een kant en die sosiaal-aanvaarde aan die ander kant. Die huidige jongmens maak kennis met die wetenskaplike=

10/feite..........

---

2) Hutchins, R.M. Educating children for tomorrow's world, Education for teaching, no 75, Spring 1968, p.35.

feite. Hy aanvaar die moderne tendense dadelik en wil daarvolgens lewe. Die samelewing waarvan hy deel is, aanvaar die moderne tendense nie in dieselfde mate nie. Ons vind nou 'n posisie waar die persoon met sy verstand die snelle ontwikkeling aanvaar en daarmee saamleef terwyl sy voete in 'n baie meer behoudende en konserwatiewe samelewing staan. Die persoon verkeer dus in stryd. Hy twyfel oor die waardes en norme en as gevolg daarvan raak hy onseker. Hierdie onsekerheid tref ons in 'n breër sin aan in die opvoedkunde waar groepe persone die twee uiterstes vorm. Hierdie twee uiterstes sal dan gevorm word deur die meer behoudende elemente, ouers en onderwysers, aan die een kant en die meer verligte persone aan die ander kant. Die verligte elemente sal dan ook meer bereid wees om die tradisionele oorboord te werp en die nuwe sienswyses en denkrigtings te aanvaar. Die behoudende elemente sal meer waarde aan die beproefde, tradisionele, volks-eie gebruike en gewoontes heg. Tussen die twee uiterstes vind ons dan die massa onderwysers en ouers wat nóg die een nóg die ander uiterste aanvaar, maar by wie ons tog tendense in een van die rigtings vind.

b. 'n Paar rigtings in die Opvoedkunde.

In hierdie studie gaan geensins 'n poging aangewend word om 'n volledige oorsig van al die verskillende strominge of denkrigtings in die opvoedkunde te gee nie. Daar sal kortliks na 'n paar rigtings en hulle ondersteuners verwys word maar dan sal die aandag bepaal word by die rigting wat die aanvaarbaarste is en waarvolgens

11/die gegewens..

die gegewens geinterpreteer en bespreek sal word.
Ons kan twee hoofrigtings in die Opvoedkunde onderskei, naamlik die Christelike opvoedkunde wat alle grondslae en grondvrae van die opvoeding in die lig van die Godsopenbaring sien en die humanistiese opvoedkunde wat die mens self as die oorsprong, die middelpunt en die eindpunt van die opvoeding sien. By die Christelike opvoedkunde is daar ook verskillende opvattings soos ons dit aantref by die Rooms-Katolieke, Calvinistise, Lutherse en Anglikaanse opvoedkundige denkers.

Die humanistiese opvoedkunde is essensieel areligieus, so nie anti-religieus nie, want dit aanvaar nie dat die religie alle opvoedingsvraagstukke bepaal nie. Dit sien alle opvoeding in die lig van die menslike ervaring en denke alleen. Ook hier is daar 'n groot verskeidenheid van denke soos ons dit aantref by die Realiste, Idealiste, Empiriste, Pragmatiste en Naturaliste.

Ons wil kortliks aandag gee aan 'n paar van hierdie denkrigtings.

(1) Die Sosiale opvoeding.

Ons kan kortliks aandag gee aan die hoofstrominge van die sogenaamde nuwe opvoedkunde. In Amerika was Dewey [3] die grondlêer van die sosiale opvoedkunde. Hy het alle opvoedkundige probleme gesien

12/onder....

---

3) Coetzee, J. Chris Die moderne opvoeding, p. 22.

onder die sosiale soeklig. Alles word beheer deur die sosiale motief. Die hele opvoedkunde word gesosialiseer. Die skool het 'n sosiale doel waaraan alles ondergeskik is. Die kind moet dus opgevoed word tot sosiale bruikbaarheid; dus beroepsopleiding. Die kind moet opgelei word om sy plek in die gemeenskap vol te staan. Dewey, soos aangehaal deur Bantock sê: "The only true education comes through the stimulation of the child's powers by the demands of the social situation in which he finds himself........ The child should be stimulated and controlled in his work through the life of the community." 4)

In sy werk "My pedagogic creed" stel hy ook sy standpunt baie duidelik. Vir hom is die individu 'n sosiale wese. Die gemeenskap is 'n organiese eenheid wat uit individue bestaan. Opvoeding moet begin deur 'n opname te maak van die kind se vermoëns, belange en gewoontes. Die waarde van die belange en gewoontes, word bepaal deur die waarde wat dit vir die gemeenskap het. Die waardebepalende faktor is dus die sosiale-diensbaarheid. 5)

Een van sy volgelinge nl. Mannheim sê dat die noodsaaklike veranderinge in die metodes van die moderne opvoedkunde uit die ontdekking spruit dat die vorming van karakter en die integrasie van die persoonlikheid berus op die mate waarin die leerling die sosiale situasies bemeester. 'n Opvoedkunde wat hom dit dus ten

13/doel........

---

4) Bantock, G.H. Education and values, p. 135.

doel stel om onafhanklike en spontane persone te vorm sal daarna streef om die leerlinge te leer hoe om in sekere situssies te reageer. In die beheersing van situasies leer die leerlinge dus om „elementary conflicts of everyday life", te hanteer. 6)

Hier word twee belangrike aspekte genoem. Eerstens doen die leerling kennis op deur selfaktiwiteit en nie soseer deur die onderrig deur die onderwyser nie. Tweedens word die kontrole ook nie deur die onderwyser uitgevoer nie maar deur die sosiale situasie. Die veronderstelling is dat die kind dan self sal inpas en die sosiale norme sal aanvaar.

(2) Individualistiese opvoeding.

Lynreg teenoor hierdie sosiale opvoeding staan die individualistiese denkers. T. Percy Nunn kan beskou word as die beste verteenwoordiger van hierdie rigting. In sy werk "Education, its data and first principles" stel hy self sy grondbeginsels. 7) Die vernaamstes is dat die mens in die eerste plek 'n individualitiet is, tweedens dat die ontwikkeling van die individu ten nouste saamhang met die aard van die omgewing waarin hy opgroei en dat die opvoeding nie 'n passiewe proses is nie. Die doel van die opvoeding is dan vir hierdie rigting die vervolmaking van die individu. Onder die ondersteuners van hierdie rigting kry ons ook, soos ons kan verstaan, sekere verskille. Hulle handhaaf egter almal die gemeenskaplike norm dat

14/elke..........

---

6) Mannheim, K. Man and society, p. 305

7) Nunn, T.P. Education, its data and first principles, pp. 5, 11-20.

elke persoon 'n individualiteit is.

Susan Isaacs sê die funksie van die onderwyser is hoofsaaklik om die spontane belangstelling van die kind aan te moedig en te volg. [8] Hierdie standpunt word hoofsaaklik geregverdig deur die opvatting dat elke kind 'n afsonderlike identiteit is met 'n innerlike lewe heeltemal verskillend van die van die volwassene. Die kind sien en ervaar situasies op sy eie manier. [9] Die individualiste wil dan ook hierdie eie in die kind as grondslag vir die opvoeding sien.

Vryheid beteken vir hierdie opvoedkundiges die afwesigheid van enige beheer. Hulle wil geen vorm van beheersing, in toom hou, beperking of verhindering in die uitvoering van die natuurlike handelinge van die kind hê nie. Een van die grootste voorstaanders van hierdie "doen wat hy wil" idee was A.S. Neill. Die gedagte was dat as die kind gelaat word, die vryheid gegee word om te doen net wat hy wil, hy dan net sou doen wat hy moes doen. Daar bestaan egter geen oorsaak-en-gevolgrelasie tussen hierdie twee begrippe naamlik "doen wat jy wil" en "doen wat jy moet" nie. In die praktyk kan die "doen wat jy wil" van een persoon so maklik bots met die "doen wat hy wil" van 'n ander persoon. Volgens hierdie skool ontstaan daar by die persoon 'n sensorskap van die verstand oor sy begeertes wat hom dan rig om die regte te doen.

15/(3).......

8) Bantock, G.H. Education and values. p. 90

9) Ibid. p. 91.

(3) Assosiatiewe opvoeding.

Die werke van Povlov en Thorndike en veral hulle teorieë en bevindinge het groot invloed op die opvoeding en onderwys gehad. Die opvoeding wat ontstaan het, word soms "educational engineering"[10) genoem. Hulle bevinding was dat die gedrag van 'n organisme omskrywe kan word as reaksiewyses op bepaalde prikkels wat op die organisme inwerk. Deur 'n proses van assosiasie, waarin die oorspronklike prikkels met 'n ander verbind word, word dit moontlik dat hierdie prikkel dieselfde reaksie te voorskyn kan roep. Hierdie reaksies staan dan bekend as gekondisioneerde reflekse. Hierdie beskouing word ook op die menslike gedrag en op die denke van toepassing gemaak.[11)]
By die mens is dus niks anders as 'n groot aantal gekondisioneerde reflekse teenwoordig nie. Die totaliteit van die psigiese lewe bestaan uit fisiologiese reaksies op prikkels.[13)]
'n Opvoedingsproses wat van hierdie siening uitgaan, sal noodwendig 'n meganiese karakter vertoon. Dit word dan ook gekenmerk deur tegnieke wat daarop gemik is om die gewenste sisteem van gekondisioneerde reflekse tot stand te bring. Die mens word dus net gesien as 'n

16/natuurwese...

---

10) Soos aangehaal deur: Schoeman, S.J. Pedagogiese momente by die antropologie van V.G. Frankl, p. 20.

11) Ibid., p. 20.

12) Ibid. p. 20.

13) Ibid. p. 21.

natuurwese. Omdat hy slegs organisme is, is die mens net blote bestaan en verwys hierdie bestaan nie na enige buite- of bomenslike instansie nie. Die natuur word beskou as die opvoedster en moeder van die mens.[13] Die opvoeding is vry en geen inmenging van die kant van die opvoeder word geduld nie. "Die wagwoord is self-ekspressie en selfontdekking te midde van die vryheid."[14] Hierdie assosiasie-sielkunde het 'n baie belangrike invloed uitgeoefen op die onderwyspraktyk. Ons sal later weer na hierdie rigting en sy invloed op die didaktiek verwys.

(4) Ewolusionistiese opvoeding.

Kortliks wil ons ook net verwys na die ewolusionistiese rigting. Die grondlêer van hierdie rigting was Charles Darwin met sy "Origin of species". Die mens was 'n produk van die natuur. Die ontwikkeling van die mens geskied volgens die natuurwette en die doel is aanpassing aan die eise van die natuur want alleen die wat die beste kan aanpas, sou voortbestaan. Die persoon se ontwikkeling is dus 'n natuurlike proses van aanpassing. Hierdie ontwikkeling is nie beplan nie en ook nie doelgerig nie want die natuur beplan nie. Die meganiese wette soos die voortbestaan van die geskikte, doen die keuring.[15] Vir hierdie rigting is opvoeding niks anders as groei nie en die kind sal gedurende die groeiproses self tot die ontdekking van sekere waardes kom. Waardes berus op die keuses wat deur individue in sekere situasies waarin hulle hulle

17/bevind....

---

13) Ibid. p. 21.

14) Ibid. p. 21.

15) Ibid. p. 22.

bevind, gemaak word. Die aanpassing aan die omgewing bepaal dus 'n persoon se waardes. 16)

Al hierdie rigtings is egter vir die Christelike opvoedkundige onaanvaarbaar omdat nog die sosiale, nog die individualiteit as die hoogste maatstaf aanvaar kan word. Die Christelike opvoedkundige erken die waarde van die sosiale, die omgewing, en ook die waarde van die individualiteit, maar hierdie waardes moet ondergeskik wees aan die gesag van God. Hierdie gesag wat buite die individu of die gemeenskap is; deur Wie en tot Wie alle dinge is. Die Christelike opvoeder kan geen ander waarde of norm as die hoogste of belangrikste aanvaar nie. Deur God geskied alle dinge en alles moet geskied tot Sy eer en tot Sy verheerliking. Ons kan nie met Soderquist saamstem dat individue gemeet moet word aan hulle waarde vir groepe of organisasies nie; ook nie met Dewey dat die waarde bepaal word deur die sosiaal-bruikbaarheid van die persoon nie. Ons kan ook nie aanvaar dat die opvoedkunde se hoogste doelstelling moet wees om die kinders te leer om te lewe nie. Rousseau sê: "Life is the trade I would teach him" 18) en Herbert Spencer "to prepare us for complete living is the function which education has to discharge." 19)

18/ c. Wat....

---

16) Ibid. p. 23.
17) Soderquist, H.O. The person and education, p. 4.
18) Rousseau soos aangehaal deur Bantock. a.w. p. 43.
19) Spencer, H. soos aangehaal deur Bantock. a.w. p. 43.

c. Wat verstaan ons onder die term "Opvoeding?"

Ons wil onder hierdie term verstaan die hulp of leiding van 'n volwasse persoon aan die volwasse-wordende persoon. [20] Dit is dus duidelik dat daar vir 'n opvoedingsituasie altyd twee persone moet wees, die een 'n volwasse persoon en die ander 'n volwasse-wordende persoon.

Pistorius stel dit baie duidelik, „In die opvoeding kan dus wesenlik twee aspekte onderskei word: enersyds die beïnvloeding deur die opvoeder, en andersyds die kind se keuse uit die verskillende invloede wat vormend op hom inwerk en sy verwerking daarvan. Daarom is opvoeding altyd 'n dialogiese situasie: aangesproke deur die waardevolle wat opvoeder en omgewing verteenwoordig, antwoord die kind deur daaruit 'n seleksie te doen en sodoende uit sy eie moontlikheid die waardevolle te kies en te verwerklik, waardeur sy lewe sin en rigting kry en wispelturigheid en willekeur verloor." [21]

Die volwasse persoon moet die volwasse-wordende persoon lei, hom steun, hom beïnvloed. As 'n persoon 'n ander

19/moet.......

---

20) Vergelyk:

Langeveld, M.J. Beknopte theoretische paedagogiek p. 26.

Pistorius, P. Implikasies van die antropologie van Hellas, ens. p. 435.

Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die algemene teoreties opvoedkunde, p. 81.

Oberholzer, C.K. Inleiding in die prinsipiële opvoedkunde, p. 31

Schoeman, S.J. a.w. p. 56.

21) Pistorius, P. a.w. p. 56.

moet lei of in 'n steungewende hoedanigheid moet optree, is dit baie duidelik dat die volwassene eers sal moet besin waarheen hy die volwasse-wordende moet lei. Langeveld stel dit soos volg: "Zodra hy erkent, dat hy het kind helpen moet, dient hy de vraag te beantwoorden, waartoe hy het helpen moet."[22] Hierdie eis impliseer dan dat die opvoeder die opvoedeling doelbewus in 'n vooraf beplande rigting of tot 'n bepaalde sienswyse wil beweeg. Dit impliseer ook dat die volwasse-wordende nie op sy eie, sonder die hulp van die opvoeder of volwassene, die doel kan bereik nie.

Indien dit vir die volwasse-wordende moontlik was om self die doelwit te bereik sonder die doelbewuste inmenging of steungewing van die volwassene, kan ons opvoeding nie beskou as die noodsaaklike leiding van die volwasse-wordende deur 'n volwassene tot volwassenheid nie. Aanvaar ons egter hierdie omskrywing van wat opvoeding prinsipieel is, dan is dit duidelik dat daar geen sprake van opvoeding kan wees as daar in die eerste geval nie twee persone, naamlik die volwassene of opvoeder en die onvolwassene of opvoedeling is nie. Tweedens kan daar geen sprake van opvoeding wees as daar nie 'n doelbewuste bemoeiing of hulp vanaf die volwassene aan die volwasse-wordende gegee word nie. Opvoeding is dus altyd 'n doelbewuste steungewing van die volwassene aan die onvolwassene. Opvoeding kan dus nooit onbewus geskied nie.

20/Hierdie...

---

22) Langeveld, M.J. Bydragen tot het gesprek van systeem en historie in de opvoedkunde, p.38.

Hierdie standpunt bring ons dadelik by gevalle waar 'n volwasse persoon, soos die ouers of onderwysers tog wel onbewustelik invloed uitoefen op die volwassewordende deur middel van die voorbeeld wat hulle stel in hulle daaglikse lewe en optrede. Is dit dan nie ook opvoeding nie?

Hierdie onbewustelike beïnvloeding word deur baie denkers as vorming beskryf. Vorming vind plaas vanaf geboorte tot in die hoogste ouderdom en is dus die onbewustelike inwerking van die samelewing, individue of groepe mense en van die omgewing op die persoon.

Verder impliseer hierdie siening van die opvoeding aktiwiteit. Die volwassene gee hulp of steun aan die aktiewe onvolwasse persoon wat na iets strewe. Hy word in hierdie strewe gehelp. Hierdie siening impliseer die aktiewe deelname van die opvoedeling aan die proses van opvoeding. As daar in gebreke gebly sou word om die aandag pertinent op die aandeel van die opvoedeling te vestig, sou dit as 'n Herbartiaanse res uit die verouderde onderwysersentriese opvoeding beskou kan word."[23] As daar dus nie 'n doelbewuste en aktiewe medewerking, vanaf die opvoedeling kom nie, sal opvoeding beslis nie plaasvind nie ondanks alle pogings en leiding deur die opvoeder.

Samevattend kan ons sê: Opvoeding is die doelbewuste beïnvloeding en leiding van die volwasse-wordende deur die volwassene waar aktiewe medewerking en reaksie van die volwasse-wordende noodsaaklik is.

21/d. Wie........

---

23) Pistorius, P. a.w., p. 57.

d. Wie kan opvoed en wie kan opgevoed word?

Ons aanvaar dat opvoeding die leiding van die onvolwasse persoon, deur die volwasse persoon tot volwassenheid is. Hieruit is dit duidelik dat alleen 'n volwasse persoon 'n ander kan opvoed. Die woord „volwasse" impliseer volgens Langeveld 'n persoon wat reeds normatief georiënteerd is.[24)]

Die volwasse opvoeder aanvaar 'n spesifieke kind met spesifieke karaktereienskappe. Die kind stel homself in vertroue en met oorgawe onder die sorg van die volwassene ooreenkomstig die natuurlike gesagsverhouding wat die opvoeding kenmerk. Die kind en die opvoeder vorm die twee volwaardige partye in die opvoedingsituasie. Belangrik is dat die kind die opvoeder aanvaar "niet van uit het standpunt van weten en kennen, maar vanuit de liefde - ontmoeting van twee personen, die het met elkander eens zijn." [25)]

Die volwasse opvoeder moet bewus wees van sy verantwoordelikheid want slegs hy wat 'n ten volle verantwoordelike wese is, kan verantwoordelikheid vir 'n ander aanvaar. [26)] Hy het 'n bevoorregte taak. Hy moet dit aanvaar as 'n roeping en met verantwoordelikheid die kind beskerm en tot verantwoordelikheid lei.
Prof. J. Chris Coetzee stel dit dan ook soos volg:

22/ Die.......

---

24) Langeveld M.J. Bijdragen tot het gesprek in systeem en historie in de Opvoedkunde. p.23.

25) Perquin. Herbezinning op fundamentele vraagstukken der pedagogiek, in Op Zoek naar een pedagogisch denken. p. 29.

26) Schoeman, S.J. a.w. p. 68.

„Die grootste seën wat God aan die mens op aarde gegee het, is die van ouerskap".[27] Verder sê hy: „Die diepere status van die onderwyser is dus plaasvervangende ouerskap." [28]

Die Christelike opvoeding verdiep want „de band die de opvoedeling met zijn opvoeder verbindt, de pedagogische liefde, vinden we op hoger niveau terug tussen de opvoeder en Christus." [29]

In woord en in daad moet die opvoeder 'n Christen wees. Hy moet die kind lei tot 'n bepaalde waardevoorkeur. Hy moet die volwasse-wordende bewus maak van sy aangesprokenheid. Slegs as hy bewus word van eie aangesprokenheid, kan daar sprake van verantwoordelikheid wees. [30]

e. Onder watter omstandighede vind opvoeding plaas?

Pistorius [31] beantwoord hierdie vraag baie duidelik waar hy dit stel dat die proses van opvoeding intree as die opvoeder teenoor 'n hoër gesag verantwoordelikheid vir die kind in sy ongevormdheid en hulpbehoewendheid aanvaar, en hom dit ten doel stel om die kind ook tot vrywillige aanvaarding van verantwoordelikheid te lei. Sowel die opvoeder se bemoeienis as

23/die........

---

27) Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p. 68.

28) Ibid. p. 69

29) Warmerdam, V. Opservatie en gesprek in pedagogische situaties, p. 69.

30) Schoeman, S.J. a.w. p. 68.

31) Pistorius, P. a.w. p. 405.

die doel wat met die opvoeding bereik moet word, is met verantwoordelikheid gemoeid en dus met die erkenning van gesag.

Vanuit die Christelike oogpunt is die hele lewe 'n opvoedingsproses waarin Christus self die opvoeder is. Die Christen sien die hele lewe as 'n goddelike opvoedingsproses. Warmerdam sê: „Geen mens is hier op aarde volkomen vervuld, volledig voldaan. Altijd is er een leegte in hem, een behoefte die roept om vervulling." 32) Die kinderlike besef van ontoereikendheid en steunbehoewendheid wat seker die sterkste spoorslag tot opvoeding is, kan ook as een van die magtigste dryfkragte van die godsdienssin beskou word.

Hoe onmisbaar ook al, is dit nie die aanwesigheid van gesag of die bewustheid van die ingryping wat vir die opvoeding bepalend is nie, maar liefdebetoon. In elke situasie van geboorte tot die dood waarin 'n mens, in antwoord op God se liefde, wat deur die medemens bemiddel word, leer om dieper lief te hê, vind die suiwerste vorm van opvoeding plaas. Om die opvoeding te beperk tot die invloed wat uitgaan van sekere persone wat aan die begin van die kind se lewe vir hulp tot sy volwassewording nodig is, met uitsluiting van alle latere hulp, mag ter wille van die wetenskaplikheid van die opvoedkunde nodig wees, dit dui minstens op 'n sekere onbeskeidenheid van die eerste opvoeders en op

24/miskenning..

---

32) Warmerdam, V. a.w. p. 49.

miskenning van die feit dat persoonlikheidswording 'n nooit voltooide proses is, waarin nie die opvoeder nie, maar die opvoedeling die grootste aandeel het.[33]

Liefde is nie alleen nodig vir die opvoeder om die kind se moontlikhede te sien nie, maar by die kind moet die liefde die nodige vertroue bring wat hom in staat sal stel om buite homself te tree en met ander kontak te maak. Hierdie kontak is noodsaaklik vir die opvoedingsproses. Dit is dus die taak van die opvoeder om die kind te lei om die gesindheid van die liefde te ontdek. Ons kan dus sê opvoeding is opvoeding tot liefde. Geen mens kan egter iemand anders tot liefde lei, ~~nie~~, as hy nie self liefde kan betoon nie. Die liefde van die opvoeder vir die kind waarborg dat hy aan die kind hulp sal verleen tot volwassewording en dat hierdie hulp die bekwaamste en mees toegewyde sal wees waartoe hy in staat is; die liefde van die kind bring dan weer mee dat hy die aangebode hulp aanvaar en daarmee die kontak bewerkstellig.

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat die opvoeder die opvoedeling wil lei, wil steun, wil help in sy strewe na volwasse-wording. Dit is dus duidelik dat die opvoedeling aktief moet streef na die doel. Dit word duidelik dat die opvoeding slegs hulp is en dat die opvoedeling self die grootste verantwoordelikheid vir sy volwassewording dra.

Langeveld stel dit dan ook duidelik dat 'n opvoeder nie 'n opvoeding op iemand kan afdwing nie. Die beïn-

25/vloeding..

33) Pistorius, P. a.w. p. 437.

vloeding moet deur die opvoedeling self, deur eie vrye aanvaarding, verwerklik word. [34)]

f. Wat wil ons met die opvoeding bereik?

Pistorius stel die doel soos volg: "Waar die opvoeding vanuit Christelike oogpunt van God uitgaan, is dit dus noodsaaklik dat in die opvoeding - en elke mens is sy lewe lang 'n opvoedeling van God - die oopheid gekweek word wat hom in staat sal stel om met God in dialoog te tree. Hierdie persoonlike kontak met God word ook geloof genoem. Opvoeding is daarmee basies opvoeding tot gelowigheid, dit wil sê die aankweek van gevoeligheid vir God en Sy aanspreking". [35)]
Waar opvoeding gesien word as 'n proses wat lewenslank duur dek lernen (learning) 'n groter deel van die totale vorming as lehren (teaching).

Dit is dus duidelik dat die doel van die opvoeding ten nouste met die lewensbeskouing van die opvoeder saamhang. Langeveld stel dit dan ook onomwonde dat „het doel - en alle doelen - der opvoeding hangen uiteindelik af van de waarden en de waarderangorde, welke men in het leven erkent...." [36)]

As doel met die opvoeding wil ons dus stel dat die opvoedeling moet kom tot 'n aanvaarding en beoefening van 'n verantwoordelikheidsbesef. Verantwoordelikheids-besef impliseer altyd 'n hoër gesag. Opvoeding is dus leiding tot aanvaarding van verantwoordelikheid en daarom kan opvoeding nie sonder gesag plaasvind nie. Vryheid is altyd vryheid tot verantwoordelikheid, d.w.s.

26/tot...........

---

34) Langeveld, M.J. Beknopte theoretische paedagogiek, p.38.

35) Pistorius, P. a.w. p. 439.

36) Langeveld, M.J. a.w. p. 54.

tot gesagsaanvaarding.

Langeveld sê ook dat die opvoedingsproses 'n bepaalde gesagsverhouding insluit.[37] 'n Kind wat aan homself oorgelaat word sal nie ware vryheid tot verantwoordelikheid ontwikkel nie maar 'n chaotiese toestand sal ontstaan.[38]

Die opvoedeling moet dus gelei, gesteun, gehelp word tot aanvaarding van verantwoordelikheid wat op eie vrye keuse berus. Sy oordeel moet normatief van aard en tot God gerig wees. Gedrag, moraliteit en verantwoordelikheid word gemeet aan Gods Woord, dit wil sê aan waardes wat buite die mens lê.

Piaget, soos hy aangehaal is deur Langeveld, beskou moraliteit as 'n sisteem van reëls en die wese van die sedelike karakter is geleë in die eerbiediging van hierdie reëls deur die individu.[39] 'n Beskouing soos hierdie berus op die sosiale aspek en kan nie as die einddoel aanvaar word nie. Die doelstellings van die ander denkrigtings sal in wese radikaal van die doel van die Christelike opvoeding verskil. Omdat die verskillende doelstellings nie hier van belang is nie, word daar nie aandag aan gegee nie.

In 2 Timoteus 3: verse 16 en 17 word die doel soos volg gestel: „Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."[40]

27/ Die.....

---

37) Langeveld, M.J. a.w. p. 38.
38) Ibid., p. 47.
39) Langeveld, M.J. Verkenning en verdieping, p. 33.
40) Die Bybel. Nuwe Testament, 2 Tim. 3: 16,17.

Die einddoel word ook baie mooi deur Langeveld saamgevat waar hy sê: "De toetssteen kan de opvoeder buiten en boven zichzelf zoeken, tevens boven elke konkrete mensen gemeenschap in God." 41)

28/ Hoofstuk II......

---

41) Langeveld, M.J. Bydragen tot het gesprek van systeem en historie in de Opvoedkunde, p. 31.

====================